

Afrikaans by vier universiteite uitgeskop

■ Redaksie

Op 22 Junie 2016 is by die Universiteite van Pretoria en Stellenbosch finaal besluit dat Afrikaans as volwaardige onderrigtaal gestaak gaan word, terwyl dit aan die lig gekom het dat Unisa besluit het Afrikaans word vir onderrig, navorsing en eksaminering gestaak. Diegene gekant teen die besluite, soos Afrikaanssprekende studente, AfriForum, die FAK en sekere universiteitsraadslede, het egter aangedui dat Afrikaans steeds met passie lewendig gehou sal word.

Vroeër het die Universiteit van die Vrystaat

(UV) reeds dieselfde paadjie geloop, maar hul besluit word tans in die Vrystaatse Hooggeregshof deur AfriForum en bondgenote betwis op grond van onregmatigheid en ongrondwetlikheid. In die hofsaak tot dusver het die UV erken dat die taalbesluit geneem is in 'n poging om verdere kampusgeweld te voorkom – 'n feit wat kennelik ook geld t.o.v. Tukkies en Maties.

Dat Afrikaans in hierdie opsig 'n groot terugslag gekry het - moontlik die grootste die afgelope 100 jaar - is gewis.